

Groot name praat oor stand van media- en uitgewerswese in SA

Geskryf deur Rulanzen Martin

[Ivor Price](#), gesoute joernalis en mediaman, en Nèlleke de Jager, fiksie-uitgewer by [Human & Rousseau](#), is twee van die groot name wat in die [Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans](#) se adviespaneel dien. Price en De Jager het op 27 Mei 2022 'n gesprek aangebied oor die stand van die media- en uitgewerswese in die land.

Studente en dosente van die departement wat die gesprek bygewoon het, het die voorreg gehad om die kundigheid en ervaring van die adviespaneel eerstehands te beleef. Die ander twee lede van die adviespaneel is Mariska van der Merwe, onderwyseres aan die Meisieskool Oranje, en Wyno Simes, Kurator van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein. Die Universiteit van die Vrystaat (UV) het die konsep van praktykpanele in sy fakulteite en akademiese departemente bekendgestel om praktykgebaseerde kundigheid aan studente asook advies aan dosente te verskaf.

Twee prestige-beurse is ook aan twee nagraadse studente oorhandig. Lynthia Julius, skrywer van die bekroonde boek *Uit die Kroes*, is die eerste ontvanger van die JC Steyn-prys, en Corné Richter het die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Marius Jooste-prys ontvang.

Belangrike rol van die media bedreig

Price – wat as joernalis by *Die Burger* gewerk en naam gemaak het in media- en televisiekringe en ook eienaar van die aanlyn nuuspublikasie [Food for Mzansi](#) is – het gesê “'n demokrasie is niks sonder die media nie”. Hy het verwys na van die grootste nuusgebeure die afgelope tyd waar die media 'n belangrike rol gespeel het om misdaad en korrupsie in die hoogste kringe van die uitvoerende regering aan die groot klok te hang.

Voorbeelde hiervan is die Gupta/staatskaping-skandaal, die Zuma-korrupsie, asook die Ace Magashule en Vrystaat-regering se asbes-bedrog. “Dit sê iets van 'n land waar mense geld steel om ledigheid toe te pas,” het Price gesê.

Hy het ook gemaan dat dit nie 'goed gaan' met die media in SA nie en dat die media – ook internasionaal – bedreig word. Die invloed van die COVID-19-pandemie op die media sal nog lank met ons wees. “Dagblaaie se sirkulasie het met sowat 40% van totale verkope gedaal.” Sondagkoerante kan tot 'n mate steeds kop bo water hou danksy die staat se advertensies. Price reken ook dat nismarkte die toekoms is.

Uitgewerswese aan die verander in SA

Op haar beurt het Nelleke de Jager gepraat oor die uitdagings wat hedendaagse uitgewers moet oorkom. “Opvoedkundige uitgewers is die grootste uitgewers van alle uitsette in SA,” het sy gesê. Sy het ook genoem dat kleinhandel-uitgewers soos *Penguin Random House* en *Pan Macmillan* die landskap ten goede verander. “Die Suid-Afrikaanse uitgewerswese is aan die verander, nie aan die kwyn nie,” het De Jager gesê.

Boekliefhebbers sal met groot nostalgie onthou dat Leserskring/Leisure Books 'n dekade gelede die leier was in terme van boeke wat verkoop is. “Leserskring se sluiting het NB Uitgewers se uitsette en omset geknou,” het De Jager gesê.

De Jager het ook vir studente vertel watter vaardighede nodig is om in die bedryf te oorleef. “Dit is belangrik om 'n verskeidenheid vaardighede te bemeester, soos skryf- en leesvernuf, projekbestuur en redaksionele kennis.” Sy het ook grappenderwys gesê dat enigiemand wat in die uitgewerswese belangstel, eers as kelner moet gaan werk omdat dit 'n mens leer om nederig te wees.